DEEL 117 | WEEK 28 | 11 JULIE 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Nuwe Vleissentraal-veilingskrale

## *Openingsveiling op 1 Augustus tydens Boeretreat*




Boere in die Noord-Vrystaat kry binnekort toegang tot 'n splinternuwe binneshuise veilingsfasiliteit: Vleissentraal open op 1 Augustus 2025 hul nuutste veilingskrale net buite Heilbron – 'n mylpaal wat saamval met die jaarlikse Boeretreat-fees.

Volgens PJ Muller, bestuurder van Vleissentraal Frankfort, is Heilbron se sentrale ligging ideaal vir produsente uit omliggende dorpe soos Petrus Steyn, Edenville en Koppies. "Ons het geluister na die boere se behoefte aan 'n nader en toeganklike veilingfasiliteit – en dié ontwikkeling is die antwoord," sê Muller.

Die nuwe fasiliteit is sowat een kilometer buite Heilbron op die Vegkoppad opgerig in samewerking met grondeienaar JC Pretorius. Wat dit besonders maak, is die volledig binneshuise veilingsring, toegerus met 'n geïntegreerde skaal. Die terrein beskik ook oor buitekrale, koperspaviljoene, kantoorruimte en kombuisgeriewe – met streng nakoming van biosekuriteitsmaatreëls. Veilings sal een keer per maand plaasvind – elke laaste Maandag vanaf 12:00.

Die eerste veiling op 1 Augustus beloof om 'n hoogtepunt te wees. Dit sluit pryse in vir die duurste os, bul, koei en super, en 'n gedeelte van die kommissie sal aan liefdadigheid geskenk word. Koopkrag word gewaarborg, en boere word aangemoedig om hul vee betyds in te skryf.

"Hierdie belegging in Heilbron is 'n bewys van Vleissentraal se betrokkenheid in die gemeenskap en hul vertroue in die streek se landbou-potensiaal," voeg Muller by.

Die opening van die veilingskrale saam met die Boeretreat-fees beloof 'n unieke samesmelting van handel, gemeenskap en landbouviering.






# Engo Vrystaat loods vanjaar vir die 12de keer sy gewilde Projek van Hoop -

## *'n fondsinsamelingsinisiatief*

Deelnemers staan die kans om 'n splinternuwe Renault Kwid Climber ter waarde van R222 000 te wen!

Kaartjies kos slegs R50 en is aanlyn beskikbaar by www.engo.co.za, of by enige Engo-program regoor die Vrystaat insluitend by Ringerstraat Jeugsorgsentrum, Engo Gesinsorg Heilbron en by gemeenskapslede. Skakel Elmarie Els-Hammann op 079 599 4135 om jou kaartjie te boek.

Die kompetisie sluit op Dinsdag, 30 September 2025, en die wenner sal op Vrydag, 31 Oktober 2025 aangekondig word.

Renault Bloemfontein, Novus Media, en Evolve Audit and Advisory is vanjaar weer trotse borge van dié betekenisvolle projek.

Engo is al meer as 'n eeu betrokke by gemeenskapsorg in die Vrystaat en nooi jou uit om deel te word van hierdie inisiatief van hoop. Jou bydrae maak 'n werklike verskil!




## Erika word te ruste gelê



*Erika van Heerden is oorlede op 3 Julie 2025 in die ouderdom van 71 jaar. Haar diens vind plaas op Saterdag, 12 Julie om 11:00 vanuit die Hervormde Klipkerk Saal. Sy laat na haar man Apie van Heerden.*

JAARBEPLANNER

**2025**

**AUGUSTUS**
- 1 Aug. - BoereTreat Gholf
- 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub




**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. heraldnuus@heilbron.co.za**

# UIT DIE PEN: Week 28

Twee weke gelede het ek oor die dood geskryf. Vanoggend voel ek dat daar nog te min gesprekke oor die dood is, en dat mense baie bang is daarvoor. Die T-woord (testament) word nie in die gesin se geselskap genoem nie. Want sê nou net dit ontstel iemand?

Ek het gedink ek moet weer daaroor praat. As dit jou verveel of hartseer maak, is ek baie jammer.

Wel, die dood is 'n realiteit. Een van my kennisse vertel my van sy eerste dogter se geboorte. Hy was buite homself van vreugde en dankbaarheid. Dit is tòè dat die gedagte hom tref.

"Liefie," sê hy vir sy vrou, 'n mamma wat sopas geboorte geskenk het, "besef jy dat hierdie lyfie eendag sal moet doodgaan?"

Nie iets wat noodwendig by geboorte geopper word nie. Maar dit is die pad wat ons almal moet loop.

Die gebeure rondom my rooikopsussie se dood is steeds helder in my geheue. Daar was soveel mooi dinge wat gebeur het, en waarvoor ek dankbaar was ten spyte van die vreeslike, vreeslike hartseer.

'n Tyd voordat sy dood is, het ek gevra wat ek moet doen as sy en my swaer doodgaan? Ek was immers die peetouer van hulle rooikopseun. Moet ek na hulle toe trek of kan ek vir rooikopseun kom haal om by my te bly?

"Vra jou swaer, hy sal weet."

En hy het geweet, want hy en die rooikopseun moes hulle lewe alleen aandurf.

So maand voor haar dood sê sy een oggend vir my swaer dat sy gedroom het dat sy na 'n wit huis gaan trek. My swaer het opgewonde gereageer: "Jy moet sê waar, ek wil solank inpak."

Sy het gesê: "Ek het alleen getrek in my droom."

Agterna het ons natuurlik geweet wat die droom beteken het.

Sy het 'n boekie vir my swaer gekoop. Die Eerste Vyf Minute na die Dood deur Isak Burger. Hy het dit gelees, en toe vir haar gegee om te lees. Sy het dit uitgestel vir die vakansie. Hulle sou ver ry en sy sou baie tyd gehad het om dit te lees.

Hulle band het gebars terwyl sy gelees het, die kar het gerol en sy is op slag dood.

My swaer het deur die venster van die kar geklim. Toe hy by haar venster kom, weet hy dat sy dood is. Hy voel toe iedergeval aan haar pols. Niks. Hy sê dat hy gevoel het dat daar mense langs hom staan.

"Jy het genoeg gedoen. Ons sal haar verder vat."

Daar is by ons geen twyfel dat dit hemelse Engele was wat haar kom haal het nie. Jy kan glo wat jy wil, maar dis my kant van die storie.

My swaer het sy skouer gebreek en 'n skedelbasisfraktuur opgedoen. Hulle rooikopseun het sy femur in die een been en die tibia en fibula in sy ander been gebreek.

Toe ons later die kar se wrak uitpak, sien ek die boekie. Ek kon sien waar sy laas gelees het. Daar was 'n teksvers op uit Openbaring 14:13. Dit was ook die teksvers met haar begrafnis.

"Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: "Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe." "Ja," sê die Gees, "hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle."

Dit was 21 jaar gelede. Ek herdenk elke jaar die datum waarop sy hemel toe is: 3 Julie 2004, so ongeveer half vier die middag. En ek sê dan dankie dat sy deel was van ons lewe.

Verlede Donderdagaand, 3 Julie, gaan oefen ek saam met ons kerk se sangbedieningspan. Ons sing dat die Here ons meer van Hom moet gee.

"Gee my meer van U, Here, ek vra meer van U
Meer van U, in my hart.
Gee my meer van U, Here, ek pleit meer van u
Meer van U, in my hart.
Vul my lewe, Heer, met al u heerlikheid
En laat my wandel in U allerheiligste…"

Ek kon nie verder sing nie, want ewe skielik sien ek my rooikopsussie en my pa wat in die Allerheiligste rondloop. Ek sien hoe hulle met hulle uitgestrekte arms omhoog sing. Hulle het spierwit klere aan, en die gebou waarin hulle is, is ook skitterwit. Soos my rooikopsussie se droom, dink ek. Hulle is gesond, hulle lag en is gelukkig.

Die trane loop teen my wange af, nie omdat ek hartseer is nie, maar omdat ek dankbaar is dat die twee mense vir wie ek op aarde so baie, baie lief was, veilig by Jesus is. Ek weet dit soos wat ek vandag weet dat die son in die dag skyn.



Ek wens ons kan anders aan die dood dink. Dit is sleg vir diegene wat agterbly, want ons geliefdes is nie meer by ons nie. Ons verlang na hulle, ons harte pyn omdat hulle nie meer op aarde is nie.

Maar ons is verheug om te weet waar hulle is. Moet dit nie meer gerusstellend wees as ons hartseer nie?

Ek wens dan ook ek kon verstaan hoekom ons in 'n verjaardagliedjie sing: "Mag die Here jou seën en nog baie jare spaar." Ek verstaan nie hoekom mens baie jare gespaar moet wees as jy eerder in die hemel vir ewig kan lewe nie?

Ek reken dat ek die enigste mens is wat sò oor die dood dink. Ek weet nie van ander wat my sentimente daaroor deel nie.

Maar ek is okay daaroor. Soos ek netnou gesê het: Jy kan glo wat jy wil, maar dis my kant van die storie.



# Men for change: A day of purpose and leadership

On Friday the 4th of July, members of the police force came together in unity as part of the "Men for Change" initiative — a powerful movement focused on restoring purpose and leadership among men. The event carried a strong message: "God has a plan for every man", and it is their responsibility to lead by example.

A passionate and heartfelt speech was delivered, encouraging police officers and the station commander to embrace their roles as leaders, both in uniform and within their communities. The speaker reminded them that young people look up to them and need strong role models to guide them.

He went further, urging the station commander to become more actively involved in community upliftment—suggesting initiatives like starting a football team or organizing a fun run. These ideas aim to inspire the youth and keep them engaged in positive activities, helping steer them away from crime and hopelessness.

The day was filled with celebration, reflection, and renewed commitment, marking an important step forward in the journey of change and community building.

# Lianie May kuier by Be-Kof




*Die geliefde Afrikaanse sangeres, Lianie May – bekend vir haar treffer "Bel, Bel, Bel" – het onlangs weer 'n draai gemaak in Heilbron. Sy is geen vreemdeling vir die dorp nie en kuier gereeld in die area. Hierdie keer het sy saam met haar man besoek afgelê terwyl haar voertuig vir 'n diens ingeboek was. Tydens die wag het sy 'n heerlike koppie koffie geniet by Be-Kof, een van Heilbron se gunsteling koffieplekke. Plaaslike inwoners was opgewonde om haar weer in die dorp raak te loop en het haar vriendelik gegroet. Soos altyd het Lianie met haar warm persoonlikheid en vriendelike glimlag 'n bietjie sterre-glans aan Heilbron kom bring.*

# VF Plus Leier se eerste openbare vergadering ná terugkeer uit VSA:

## *Fokus op toekoms van minderhede in SA*

**• *Jannie Snyman (Vryheidsfront plus)***

Die leier van die VF Plus, dr. Corné Mulder, het tydens sy eerste openbare vergadering in die Vrystaat ná sy onlangse besoek aan die Verenigde State van Amerika, belangrike insigte gedeel oor die afvaardiging se doelwitte en die reaksie van die VSA-regering.

Dr. Mulder beklemtoon dat dit die VSA was wat eerste die hand uitgereik het na Afrikaner-leiers, en hulle genooi het vir gesprekke. "Ons sou naïef wees as ons nie die geleentheid aangegryp en tot ons voordeel gebruik het nie," het hy gesê.

Verskeie organisasies – onder andere AfriForum, die Orania-beweging, die DA – was voorheen al in Amerika. Volgens Mulder was die VF Plus se doel nie om te kla of iemand in 'n slegte lig te stel nie, maar om te werk aan 'n wen-wen situasie vir alle landsburgers. "Ons soek 'n toekoms vir blankes en ander minderheidsgroepe in Suid-Afrika, maar dit kan net gebeur as almal veilig voel," het hy gesê.

Die drie lede van die Afrikaner afvaardiging – dr. Corné Mulder, dr. Theo de Jager, en Gerhard Papenfus van NEASA – het verskeie hoëvlakvergaderings in die VSA gevoer. Hulle het gesprekke gehad met verteenwoordigers van die Amerikaanse Senaat, Kongres, die Withuis en twee belangrike landbou-organisasies. Volgens Mulder is hulle oral hartlik ontvang en is hulle reeds uitgenooi vir opvolgbesoeke later vanjaar.

Een van die belangrikste resultate van die besoek is die VSA se versoek dat die VF Plus die volgende vier kernkwessies dringend met die Suid-Afrikaanse regering opneem:

Landelike veiligheid: Moorde op boere en plaaswerkers moet as 'n prioriteitsmisdaad erken word en deur die Valke ondersoek word.

Haatspraak: Die ANC moet hom openlik uitspreek en "Kill the Boer"-uitsprake veroordeel.

Grondonteiening sonder vergoeding: Slegs markverwante vergoeding behoort aanvaarbaar te wees.

Regstellende aksie (BEE): Daar moet geen diskriminerende maatreëls teen VSA-maatskappye wees nie.

Hierdie voorstelle is reeds aan die Suid-Afrikaanse regering oorgedra, maar volgens Mulder was daar tot dusver geen reaksie nie.

In 'n betekenisvolle gebaar het die Withuis ook die Afrikaner-gemeenskap genooi om 'n permanente kantoor naby die Withuis te open. Hierdie kantoor kan dien as 'n strategiese spilpunt om politieke, landbou- en veiligheidsbelange van Suid-Afrikaanse minderhede op internasionale vlak te bevorder.

"Ons is nie hier om te baklei nie – ons is hier om 'n toekoms te bou," het Mulder afgesluit.




*Op die foto vl: Raadslede: Jannie Snyman (Heilbron), Fanie Malherbe, (Fezile Dabi), Jan van Niekerk (Vrystaat VF Plus Leier), Dr Corné Mulder (VF Plus Hoofleier), Tammy Breedt (Kiesafdelingshoof) en Raadslid Marinda Matheysen Engelbrecht (Parys).*

Sluit aan by ons dinamiese span!
Eenstop Agri
Passer & Draaier
Vereistes:
- Praktiese ervaring as draaier of passer en draaier
- Fyn aandag aan detail en presisie
- Goeie werksetiek en probleemoplossingsvermoë
- Vermoë om onafhanklik én in 'n span te werk
- Op die hoek van Kerk- en Luytstraat, Heilbron
Stuur jou CV
Stuur jou CV na andries@eenstopagri.co.za of kontak ons by 072 447 7446 vir meer inligting.
Aanvangsdatum: 1 Augustus
Sluitingsdatum: 15 Julie om 12:00



# Warm Hearts, Warm Meals:

## *Community Brings Hope in Phiritona and Heilbron*

As winter's chill settled over Heilbron, the warmth of kindness lit up the streets of Heilbron and Phiritona on Friday 4 July and Saturday 5 July. On Friday, a good-hearted man and his wife quietly shared bowls of warm soup in the town centre with anyone who needed it—no questions asked, no expectations. Just a simple act of humanity that left a lasting impact.

The following day, the Learner Assistance Program Soup Kitchen brought even more comfort to the community. The dusty streets of Matoropong were filled with the rich aroma of stew and the joyful sounds of children playing and music in the air. What began as a soup kitchen quickly became a day of unity, care, and hope.

Supported by the Sefora Ntombela Foundation, the event was about more than just food—it was about restoring dignity and building bonds. Volunteers prepared and served hot meals with care, and each smile shared between neighbours told a story of resilience and community spirit.

"To the children and parents who came out in numbers—you are the reason we do this," said a representative from the Foundation. "Your strength inspires us to continue building a future where no child goes to school hungry, and no family is left behind."

From the quiet generosity on Friday to the community celebration on Saturday, these acts of kindness served as a powerful reminder that we all have the power to make a difference.

Let us keep being the reason someone smiles—even if it starts with just a bowl of soup.








Ngwathe

PUBLIC PARTICIPATION SCHEDULE

STANDARD DRAFT BY-LAW FOR TOWNSHIP ECONOMIES

| DATE | TIME | AUDIENCE | VENUE |
|---|---|---|---|
| Tuesday, 15 July 2025 | 14h00 | Stakeholders Meeting | Kwakwatsi Hall |
| | 16h00 | Ward 16 Public Meeting | Rebatla Thuto Park |
| | 16h00 | Ward 17 Public Meeting | Kwakwatsi Hall |
| Wednesday, 16 July 2025 | 14h00 | Stakeholders Meeting | Multi-purpose Centre |
| | 16h00 | Ward 8 Public Meeting | Montoedi Hall |
| | 16h00 | Ward 14 Public Meeting | Kings Motel |
| | 16h00 | Ward 15 Public Meeting | Mokwallo Multi-purpose Centre |
| Thursday, 17 July 2025 | 14h00 | Stakeholders Meeting | Edenville Library |
| | 16h00 | Ward 18 Public Meeting | NG Kerk |
| Monday, 21 July 2025 | 16h00 | Ward 7 Public Meeting | Zuma Ha Nicky |
| | 16h00 | Ward 10 Public Meeting | Jackpot Car Wash |
| | 16h00 | Ward 19 Public Meeting | Tokoloho Sports Ground |
| Tuesday, 22 July 2025 | 16h00 | Ward 10 Public Meeting | Old Taxi Rank |
| | 16h00 | Ward 11 Public Meeting | Sisulu Hamalindi |
| | 16h00 | Ward 13 Public Meeting | Sunction of Hope Church |
| | 16h00 | Ward 19 Public Meeting | Lembede Sports Ground |
| Wednesday, 23 July 2025 | 16h00 | Ward 6 Public Meeting | Master Nakedi |
| | 16h00 | Ward 7 Public Meeting | Tambo Sports Ground |
| | 16h00 | Ward 9 Public Meeting | Ntshophepha |
| | 16h00 | Ward 13 Public Meeting | Schonkenville Hall |
| Thursday, 24 July 2025 | 11h00 | Stakeholders Meeting | Master Nakedi |
| | 16h00 | Ward 7 Public Meeting | Mbeki Sports Ground |
| | 16h00 | Ward 9 Public Meeting | Barnard Molokwane |
| | 16h00 | Ward 11 Public Meeting | Botjhabatsatsi |
| | 16h00 | Ward 12 Public Meeting | Afridom |
| Tuesday, 29 July 2025 | 14h00 | Stakeholders Meeting | Phiritona Office |
| | 16h00 | Ward 1 Public Meeting | Sandaville Hall |
| | 16h00 | Ward 2 Public Meeting | Phiritona Secondary School |
| | 16h00 | Ward 3 Public Meeting | Karabetswe |
| | 16h00 | Ward 4 Public Meeting | Dlomo Church |
| | 16h00 | Ward 5 Public Meeting | Mamosandae Open Space |

APPROVED BY:

DR FP MOTHAMAHA
MUNICIPAL MANAGER

# Vegkop weer geteiken deur moontlike sindikaat:

## *Misdaadgolf bring inwoners in spanning*

Inwoners van Vegkop is weer in die greep van vrees ná twee voorvalle van mislukte voertuigdiefstal en opspraakwekkende dierevergiftiging in dieselfde woonbuurt. Daar is groeiende kommer dat 'n georganiseerde misdaadsindikaat die area teiken. Ongeveer twee weke gelede is Hilda Els se honde in 5de Straat vergiftig, waarskynlik as voorbereiding vir 'n daaropvolgende diefstalpoging. In dieselfde nag het misdadigers probeer om haar seun, Neil Els, se Toyota-bakkie te steel. Gelukkig was die poging onsuksesvol. Die jongste voorval het op Woensdagoggend, 2 Julie, plaasgevind toe misdadigers Johnnie Fourie, 'n inwoner van Sampie Fronemanstraat, se silwer Toyota Hilux geteiken het. Volgens Johnnie het die inbrekers oor sy heining geklim, deur 'n venster toegang tot sy motorhuis verkry en die motorhuisdeur van binne af oopgebreek.

"Ek was nie eens bewus dat my bakkie gesteel is nie," vertel Johnnie. "'n Inwoner het my gebel en gesê my voertuig staan in die straat, en of ek weet dit is weg." Die diewe het die bakkie se vensters oopgebreek, die alarm ontkoppel, en die voertuig uit die motorhuis gestoot. Hulle het toe probeer om die hek van sy erf oop te maak, maar toe hulle misluk het om die slot oop te kry, het hulle dit ook afgebreek. Die voertuig is toe in die straat afgestoot waar dit later verlate gevind is. Die skade aan die bakkie is omvangryk. Die bedrading is uit die voertuig geruk in 'n poging om dit te laat aanskakel. Panele is beskadig en die ligte en battery is gesteel. Polisie en forensiese ondersoekspanne is na die toneel ontbied, en hoop om leidrade te vind wat tot 'n arrestasie kan lei. Vegkop se inwoners is bekommerd oor hul veiligheid en eis groter sigbaarheid van polisie en buurtwagte. Mense word aangeraai om ekstra waaksaam te wees, sekuriteit te verbeter, en enige verdagte gedrag onmiddellik aan die polisie aan te meld.

Enige persoon met inligting oor die voorvalle word versoek om die naaste polisiekantoor te kontak.



ALGEHELE BOUWERK
Kontak Moses 073 804 8930
Brug, Voerkraal, Motorhek, Damme, Kantoor en nog meer...
Jeff Roos kan gekontak word vir verwysings.

# KENNISGEWINGS

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **3333/2025**
Surname: **Joubert**
First Names: **Johannes Bernardus Stefanus**
Date of Birth: **1944-05-30**
ID Number: **440530 5053 081**
Last Address: **Farm Ruby, Petrus Steyn, 9640**
Date of Death: **2025-04-04**
Master's Office: **Bloemfontein.**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Lelanie Van Zyl-Fourie**
Address of Executor or Authorised Agent:
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**Advertiser Name:**
**Van Zyl - Fourie Attorneys**
**Advertiser address:**
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
**Advertiser E-Mail:**
**info@vzfattorneys.net**
**Advertiser Telephone: 083 547 9244**
**Publication in the Government Gazette on:**
**2025-07-11**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van **T14069/2018 gepasseer deur Die Eksekutrise in die Boedel van Wyle CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER, Boedel Nommer 7312/2015** ten gunste van CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER Identiteitsnommer 770906 5074 08 9 Getroud buite gemeenskap van goed
GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS TWEESPRUIT 297
DISTRIK REITZ
PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 43,4860 (DRIE EN VEERTIG KOMMA VIER AGT SES NUL) Hektaar
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke na datum van publikasie van hierdie kennisgewing
Gedateer te Sasolburg op hede die 2de dag van Julie 2025.
**AANSOEKER: ALETTA BOTHA (LPCM – 57999)**
**ADRES: 15 NJ VD MERWE CRECSENT, SASOLBURG, 1947**
**E-POS: juliana@dbcgroup.co.za**
**TEL: 016 976 0800**
**MAT0016925**

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **4067/2025**
Surname: **Zitzke**
First Names: **Heinrich Carl Wilhelm**
Date of Birth: **1958-07-03**
ID Number: **580703 5097 081**
Last Address: **Farm Elsburg, District Heilbron, Free State**
Date of Death: **2025-05-09**
Master's Office: **Bloemfontein.**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Wilna du Plessis**
Address of Executor or Authorised Agent:
**41 Kruger Avenue, Vereeniging, 1939**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**Advertiser Name:**
**Schlebusch & Du Plessis**
**Advertiser address:**
**P.O. Box 1146, Vereeniging, 1930**
**Advertiser E-Mail:**
**wilna@sdplaw.co.za**
**Date submitted: 2025-07-04**
**Advertiser Telephone: 016 455 5530**
**Ref: Wilna du Plessis/SV/Z24**
**Publication in the Government Gazette on:**
**2025-07-11**


# WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Herald
Office National


VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van **T14068/2018** gepasseer deur Die Eksekutrise in die **Boedel van Wyle CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER, Boedel Nommer 7312/2015** ten gunste van CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER Identiteitsnommer 770906 5074 08 9
Getroud buite gemeenskap van goed
RESTANT VAN DIE PLAAS TWEESPRUIT 297
DISTRIK REITZ
PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 154,7183 (EEN HONDERD VIER EN VYFTIG KOMMA SEWE EEN AGT DRIE) Hektaar
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke na datum van publikasie van hierdie kennisgewing
Gedateer te Sasolburg op hede die 2de dag van Julie 2025.
**AANSOEKER: ALETTA BOTHA (LPCM – 57999)**
**ADRES: 15 NJ VD MERWE CRECSENT, SASOLBURG, 1947**
**E-POS: juliana@dbcgroup.co.za**
**TEL: 016 976 0800**
**MAT0016925**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van **T14070/2018 gepasseer deur Die Eksekutrise in die Boedel van Wyle CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER, Boedel Nommer 7312/2015** ten gunste van CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER Identiteitsnommer 770906 5074 08 9 Getroud buite gemeenskap van goed
DIE PLAAS TWEESPRUIT II 1281
DISTRIK FRANKFORT
PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 49,5989 (NEGE EN VEERTIG KOMMA VYF NEGE AGT NEGE) Hektaar
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke na datum van publikasie van hierdie kennisgewing
Gedateer te Sasolburg op hede die 2de dag van Julie 2025.
**AANSOEKER: ALETTA BOTHA (LPCM – 57999)**
**ADRES: 15 NJ VD MERWE CRECSENT, SASOLBURG, 1947**
**E-POS: juliana@dbcgroup.co.za**
**TEL: 016 976 0800**
**MAT0016925**

## NOTICE
## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T12504/1990 UNDER WHICH A CERTIFIED COPY VA261/2002** was issued passed by
**ERIC GOLDBLATT**
**Identity Number 450829 5022 00 6**
Married Out of Community of Property
in favour of **EDWIN CLAASSEN BELEGGINGS TRUST, Registration Number TMP1611, in respect of certain**
PORTION 10 (OF 9) OF THE FARM PALMIETFONTEIN 137, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE
which certified copy has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of another copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS:
FREE STATE at BLOEMFONTEIN,
85 Nelson Mandela Dr, Bloemfontein Central,
within 2 (TWO) weeks from 11 JULY 2025,
being the date of the publication of this notice.
Dated at Parys on this 7th day of July 2025.
**COETZEES ING**
**ATTORNEY FOR APPLICANT**
**25 BUITEN STREET / P.O BOX 5**
**PARYS, 9585**
**E-MAIL: j4@coetzeesattorneys.com**
**TEL: 056 811 2136**
**(REF. MR JP COETZEE(JNR)/ADT/MAT9083)**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **Nr T 1264/2019** passed by **Nicolas Charilaou, Identity number: 631213 5079 088,** Married out of Community of Property in favour of KIJUTAJONI INVETMENT PROPRIETARY LIMITED REGISTRATION NUMBER: 2018/594489/07 in respect of ERF 78, HEILBRON, district HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Office of the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein at 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein Central, Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 9th day of July 2025
**APPLICANT:**
**VAN DER MERWE & PARTNERS INC.**
**ADDRESS: 47 ELS STREET,**
**PO BOX 58, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: merlaw@phillaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2041**


## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

Elsstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON



## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***








# SMALLS
# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com






**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

# Goud vir Heilbron Rolbalklub

Sonja Muller en Hannalie Claassen het die klub se naam hoog gehou die afgelope naweek met die Valsrivier pare wat te Kroonstad Bowling Club gehou is. Dit het oor twee dae gestrek en is hulle beloon met goud deur konstante goeie spel. Hulle het al hulle wedstryde gewen en so deurgedring na die finale.



*Op die foto vl: Sonja Muller en Hannalie Claassen.*

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 5 Julie 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Springfontein gevlieg. Die duiwe is om 07:45 gelos en die wen duif is om 12:09 geklok op Reitz. 7 Lede en 260 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 2
2. Spartan Pigeons 2
3. Heine Hokke
4. Morgenzon Lofts A
5. Morgenzon Lofts A
6. Morgenzon Lofts B
7. Morgenzon Lofts B
8. Heine Hokke
9. Morgenzon Lofts A
10. Morgenzon Lofts A

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Colesberg.



*Op die foto regs is Riaan Kriel en Handro Swart van Spartan Pigeons 2 met die wenduif 3586.*

BESIGHEIDSURE
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006










BONUS HARDWARE
HARDWARE & BUILDING SUPPLIES
VAKATURE
VOORRAAD KLERK
*Bogenoemde vakature bestaan tans by Bonus Hardeware Heilbron.*

**Posvereistes:**
- Ontvang en beheer van voorraad
- Ontvangsterminaal ondervinding
- Aangename persoonlikheid
- Rekeningkundige agtergrond
- Goeie kommunikasievermoë en klantediens-ingesteldheid

**Aansoeke vir bogenoemde betrekking moet gerig word aan:**
Die Bestuurder, Bonus Hardeware
Breëstraat 31, Heilbron, 9650.
Sluitingsdatum: 20 Julie 2025.

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 14 JULIE 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 15 JULIE 2025**
KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

HARRISMITH: FERRERO BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, Grootdraai
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

ERMELO: NOOITVERWAG BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas De Vereeniging
Kontak Gerrie 082 929 3988

**WOENSDAG - 16 JULIE 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

VREDE: OOS VRYSTAAT VELDRAM KLUB VEILING
11:00, Vrede Gholfklub
Kontak Carel Davel 082 331 1811

PAULPIETERSBURG KZN: RENZO BRAHMANS & OTHERS
11:00, Boschkrans
Kontak Andrew Banks 082 659 3365

**DONDERDAG - 17 JULIE 2025**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

ROSENDAL 2-Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

NYLSTROOM Twee-weeklikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 069 972 3808

VREDE: CHARFONTEIN DOHNE MERINO STOET
11:00, Humania
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 18 JULIE 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za




